# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (6/11)*

*Justin Chadwick (18 Februarie 2011)*

GESEGDE VAN DIE WEEK "*Tell me and I'll forget; show me and I may remember; involve me and I'll understand." Chinese Proverb*

## CLEMENTINE PRODUSENTE – WEET WAT IS JOU PRODUKSIE- EN VERPAKKINGSKOSTES

'n Gedetailleerde opname van Clementine produsente/pakkers/uitvoerders in die Wes-Kaap het aangedui dat die kostes van produksie en verpakking van Clementine ("ex works") tussen R95 en R105 per 15 kilogram karton is [dit is voor vervoer na die hawe, onkoste in die hawe, verskepings, ens]. Dit is bevestig in die sitrus-aanhangsel van die nuutste Vars Produkte Joernaal wat navorsing aanhaal wat deur die Departement van Landbou-ekonomie gedoen is, wat daarop dui dat tydens die afgelope twee dekades die rakprys van Clementines gedaal het, terwyl produksiekoste gestyg het.

So tensy jy 'n filantroop soos Oprah of Bill Gates is sal jy hierdie bedrag nodig hê om net kostes te dek (m.a.w. voor daar geld sal wees vir bier en rugbykaartjies). Die Sagte Sitrus Fokusgroup (SSFG) het 'n bekommernis dat nie baie produsente bewus is van hul produksie- en verpakkingkostes nie - en as gevolg hiervan is hul opbrengste nie volhoubaar nie. In werklikheid het die volume van Clementines wat van Suid-Afrika uitgevoer word, met 9% oor die afgelope twee jaar gedaal het (van 3,1 miljoen 15kg kartonne in 2008 na 2,86 miljoen kartonne in 2010). 'n Vinnige kyk na die kleinhandelprys dui daarop dat daar genoeg verdienstes behoort te wees om die produsent te onderhou en wins wat waarde tot die ketting toevoeg, te verseker. Produsente word aangemoedig om hul koste te ontleed - CGA is gereed om met vergelykende studies te help sou dit benodig word; dit sal ook tydens die volgende SSFG - vergadering bespreek word. Clementines is wonderlike vrugte - kom ons maak seker dat ons dit nie uit die Suid-Afrikaanse sitrusmandjie verloor nie.

## PRODUSENTE ROADSHOWS EN PAKHUISWERKSWINKELS

Paul Hardman se groep het hierdie week met roadshows afgeskop met aanbiedinge in Oranjerivier en Vaalharts-streke. Die Oranjeriver was amper voltallig – dit blyk altyd die geval in daardie streek te wees. In die Vaalharts-streek het baie produsente weg beweeg van sitrus, maar die oorblywende produsente was in volle sterkte daar. Hieronder is die besonderhede van vergaderings gelys wat nog moet plaasvind – agendas is by www.cga.co.za beskikbaar.

**Paul Hardman se Groep**: **21/2 Limpoporivier** – 13:00: Riamara Lodge; **22/2 Zimbabwe** – 09:00: B K Cawood Estates (Bristow); **23/2 Letsitele** – 09:00: The Junction; **23/2 Hoedspruit** – 15:00: Hengelklub; **24/2 Senwes** – 10:00: Kingdoms's Lodge; **1/3 Wes-Kaap** – 14:30: GHS Saal.

**Justin Chadwick se Groep: 22/2 Oos-Kaap Midlande** – 09:00: Katrivier Sitrusraadsaal; **23/2 Sondagsrivier** – 09:00: Kirkwood Hoërskool Ondersteuners Klubhuis; **24/2 Patensie** – 09:00: Gamtoosvallei Patensie Kerksaal; **28/2 Nkwalini** – 10:00: Farmers Hall; **1/3 Pongola** – 09:00: Mvutshini Estates; **1/3 Swaziland** – 14:00: United Plantations Tambuti; **2/3 Onderberg** – 14:00: MSK; **3/3 Nelspruit** – 10:00 CRI; **10/3 Suidelike KZN** – 14:00: Victoria Club.

**PAKHUIS WERKSWINKELS: Wes – Kaap 2&3/3** Villa Via Hotel, Gordonsbaai.

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS.**
**VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**